# Luister na genade

## Video

Dit het begin met die skyfieprojektor. Ons ouers kon 'n hele aand vasgenael sit en skyfies kyk en ons … inmiddels kan ons ons aandag slegs by iets bepaal as daar beelde verbyflits. Baie ouers laat hulle kinders toe om ure lank na visuele geweld te kyk en vanuit daardie flitsende wêreld kom hulle dan kerk toe en sit hulle daar liederlik en verveel: 'boring ... regtig nie cool nie!'. Dit wat die kinders sê, is wat baie ouers self ook dink: 'Wat is 'n kerkdiens nou eintlik? Jy word gevonnis om stil te sit…'



Noudat ons in die tyd van video's probleme daarmee het, kan ŉ mens die vraag stel: is dit nodig dat daar soveel tyd aan ŉ preek spandeer word? Is dit so belangrik?

## Genade

In ons Rooms-Katolieke verlede was daar beelde in die kerk. Die argument was: 'Baie mense kan nie lees nie, dus kan hulle uit die beelde nog iets leer.' Maar daarmee het hulle dit agterna goedgepraat. Daardie erediens het God se Woord weggestoot. Die altaar het in die middel gestaan en die preekstoel aan die kant. Alles was op daardie altaar gerig: die mens gee aan God.

Die Reformasie van Luther en Calvyn is niks anders as ŉ terugkeer na die genade nie. Dit is nie die mens wat aan God gee nie, maar God wat aan die mens gee. En daarom is die altaar weggeneem en het die preekstoel na die middel toe geskuif. Want dit gaan in die kerk nie daaroor dat jy iets na die altaar toe bring nie, maar dat jy iets vanaf die preekstoel ontvang: God is die Gewer. Dit gaan oor genade. Om te luister is ŉ sentrale deel van die erediens en dit het alles met genade te doen. Want in God se spreke en ons luister, lê die gedagte dat ons die heil ontvang. Ons werk ons nie op tot op ŉ vlak waar ons dan geskik word vir die genade nie. Die weg van die vlees bring geen heil nie. Dit kom alleen langs die weg van die Gees. Dit is die weg van ontvang, ontvang deur te luister…

Dit is nie die mens wat aan God gee nie, maar God wat aan die mens gee. En daarom is die altaar weggeneem en het die preekstoel na die middel toe geskuif. Want dit gaan in die kerk nie daaroor dat jy iets na die altaar toe bring nie, maar dat jy iets vanaf die preekstoel ontvang: God is die Gewer. Dit gaan oor genade. Om te luister is 'n sentrale deel van die gereformeerde erediens en dit het alles met genade te doen. Want in God se spreke en ons luister, lê die gedagte dat ons die heil ontvang.

## Die Gees is geskenk

Paulus skryf aan die Galasiërs wat die weg van die vlees gevolg het dat hulle ŉ slag moet terugdink aan die oomblik wat hulle tot geloof gekom het. Laat hulle terugdink aan daardie ingrypende gebeurtenis. Was dit Paulus se boodskap dat hulle tog eers ŉ bietjie beter moes begin lewe totdat hulle hulself tot ŉ redelike vlak opgewerk het, en dat die Gees van God toe gekom het – as ŉ soort beloning?

Was dit nie eerder so dat die boodskap was dat alles, alles al volbring was nie? Het dit nie oor geloof gegaan in plaas van oor werke nie?[1] Hulle het hulself nie opgewerk tot op die vlak van die

Heilige Gees nie, maar Hy het in hulle neergedaal. Dit was nie uit werke van die wet nie, maar deur te hoor in die geloof. Gehoor en geloof hoort bymekaar. Hoor is tiperend vir geloof.



Dit geld vir elke dag in jou lewe as Christen. Dit mag ŉ luisterende lewe wees. Dit mag ŉ lewe wees waarin jy genade geniet. Paulus skryf nie slegs oor die eenmalige ervaring van verandering nie, maar oor lewe in die geloof: Hy wat julle dan die Gees verleen en kragte onder julle werk, doen Hy dit uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?[2]

## Heerlike swye

Dit is wat mooi is van die prediking. Jy hoef jouself nie op te werk tot die heil nie, maar dit kom na jou toe. Dit is die weg van genade: dit wat Jesus gedoen het, word uitgedeel. Daar swyg die gemeente. Dit is naamlik nie uit werke nie, maar uit die gehoor. Daarom is dit heerlik om te swyg onder die prediking. God is aan die Woord. Was dit nie Hy wat alles reggemaak het nie? Hy het iets om te sê.

## Vervreemding?

In vandag se tyd van video's raak dit vir ons al hoe moeiliker om te luister. Maar het die probleem nie sy oorsprong daarin dat ons vervreemd is van genade nie? Dit is nie slegs ŉ probleem van ons tyd nie. Dit is ŉ probleem van die mens, want deur alle tye het God se kinders al juis op hierdie punt ervaar "hoe die vlees met alle geweld die Gees weerstaan"[3]. Waar is die verlange na genade as ons op die kerkbank gaan sit om te luister? Is daar nie dikwels eerder ŉ hoogmoedig-kritiese houding as ŉ ootmoedig-verlangende houding nie? Is daar nog wel behoefte aan en ŉ hunkering na die woorde wat tot jou skuldverslae hart oor versoening spreek? Is daar nog wel die bewussyn van jou eie onmag waardeur jy besef dat God jou enigste hoop is, wat wil spreek van jou onmag? ŉ Gemeente wat van genade leef is ŉ gemeente wat weet hoe om te luister!

*'n Gemeente*
*wat van genade leef*
*is 'n gemeente*
*wat weet hoe om te luister!*

H Drost

© 2015
www.christelikemedia.org

[1] Galasiërs 3 vers 2.

[2] Galasiërs 3 vers 5.

[3] Maarten Luther in sy kommentaar op Galasiërs 3 vers 2.